

Skriflesing: Numeri 10: 11 – 13; 28-36

Teks: **Numeri 10:29**

Sing: VOORAF SANG- Ps. 91: 1, 6;

TYDENS EREDIENS- Ps. 19:1,2; Ps. 45:1,3,9 9(Belydenisaflegging) ; Ps. 66:7 (Ná Wet);

Ps. 66:8 (Na gebed) ; Ps. 48:1,5

Numeri 10: 11 – 13; 28-36

Num 10:11 In die tweede jaar, in die tweede maand, op die twintigste van die maand, het die wolk opgetrek van die tabernakel van die Getuienis af.

Num 10:12 En die kinders van Israel het van plek tot plek weggetrek uit die woestyn Sinai, en die wolk het gaan rus in die woestyn Paran.

Num 10:13 So het hulle dan die eerste keer weggetrek volgens die bevel van die HERE deur die diens van Moses.

Numeri 10: 28-36

Num 10:28 Dit is die optogte van die kinders van Israel volgens hulle leërafdelings. En hulle het weggetrek.

Num 10:29 En Moses het vir Hobab, die seun van Réhuel, die Midianiet, die swaer van Moses, gesê: **Ons trek na die plek waarvan die HERE gesê het: Ek sal dit aan julle gee. Trek saam met ons en ons sal aan jou goed doen; want die HERE het oor Israel goeie dinge gespreek.**

Num 10:30 Maar hy het vir hom gesê: Ek sal nie saamtrek nie; maar ek sal na my land en my familie gaan.

Num 10:31 Toe sê hy: Moet ons tog nie verlaat nie, juis daarom dat jy weet hoe ons laer moet opslaan in die woestyn, en jy sal vir ons as oë dien.

Num 10:32 En as jy met ons saamtrek, sal ons daardie goeie wat die HERE aan ons sal doen, ook aan jou doen.

Num 10:33 En hulle het van die berg van die HERE af drie dagreise ver getrek; en die verbondsark van die HERE het drie dagreise ver voor hulle uit getrek om vir hulle 'n rusplek uit te soek.

Num 10:34 En die wolk van die HERE was bedags oor hulle as hulle uit die laer wegtek.

Num 10:35 En as die ark wegtrek, het Moses gesê: Staan op, HERE, dat u vyande verstrooi kan word en u haters voor u aangesig kan vlug.

Num 10:36 En as dit rus, het hy gesê: Keer terug, HERE, na die tien duisende van die duisende van Israel!

Skriflesing: Numeri 10: 11 – 13; 28-36

Teks: **Numeri 10:29**

Sing: VOORAF SANG- Ps. 91: 1, 6;

TYDENS EREDIENS- Ps. 19:1,2; Ps. 45:1,3,9 9(Belydenisaflegging) ; Ps. 66:7 (Ná Wet);

Ps. 66:8 (Na gebed) ; Ps. 48:1,5

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, die twee swaers is met mekaar in gesprek. Moses

gesels met sy vrou se broer, hy dra die naam Hobab, die nuwer vertalings noem hom Gobab,

almal mense van Midian. Ons weet in 'n stadium was daar diegene uit Moses se eie mense

wat beswaard was oor Moses met 'n Midianitiese vrou getroud was. Nou maak Moses dit

duidelik, hierdie Midianiet kan vir ons baie werd wees ... Andere se siening, selfs diegene

naby aan Moses dra nie die gewig in wat God sê en wat God van ons verwag nie. Waar ons

hierdie gedeelte in Numeri tot ons laat spreek dan is Moses iemand wat seker is van wat hy sê

en wat hulle te doen staan.

Die wyse waarop God vir Moses toegerus het, dra goeie vrug. Hy was aanvanklik iemand

wat met groot huiwering nie die volk wou uitlei nie. Hy wat gesê het hy mag nie die volk lei

nie, hy wat vir lank in die vreemde was, watter gesag dra hy nou om die volk te lei. Sy mag

nie die volk lei nie, het geword, ek kan nie die volk lei nie. Ek praat swaar, ek hakkel, tog was dit ook geen verskoning wat God sou aanvaar waarom hy nie moes doen dit wat hy moet doen nie. Op die einde het Moses eintlik 'n tree te vêr gegaan, toe hy eintlik vir God gesê het, ek sal nie, ek sal nie die volk uitlei nie. Die feit dat God hom in hierdie blatante nêe nog wêér genade verleen het, wys hoe barmhartig en lankmoedig is die Here. Nog weer het Moses nie kon wegkom van wat sy roeping was dat hy die man sou moes wees wat hierdie volk uit die slawehuis van Egipte sou moes uitlei nie. Hoeveel dinge op hierdie pad hulle deel was, sal ons nooit alles kan saamvoeg nie.

Nou is Moses in gesprek met sy swaer. Moses klink na iemand wat weet waar hyself moet heengaan en tegelyk ook waarheen hierdie volk gelei moet word. Daar is sekerheid in sy woorde; hy beskou homself nie as 'n reisiger na nêrens nie. Moses se woorde aan sy swaer ... *Ons trek na die plek waarvan die HERE gesê het: Ek sal dit aan julle gee.* Daar sit sekerheid in hierdie woorde. Ons is op pad nie met ons eie planne nie, maar met God se plan, ons trek nie met ons eie kaart en kompas nie, maar ons is optrek met God se Woord... Die 2020 Vertaling stel dit- *“Ons gaan nou wegtrek na die plek waarvan die HERE gesê het, ‘Dit gee Ek vir julle.’*

Die Here se Woord, waar God spreek word vir Moses die strepie op sy trekkpad en sy landkaart in 'n tyd toe daar nog nie landkaarte en paaie op kaarte aangedui kon word nie. Dit wat ons met 'n GPS doen, is nou nog van die wonderlikste uitvindings van ons tyd. Daarvan sou niemand kon droom nie, maar Moses is so seker in wat hy sê dit klink waarlik asof hy 'n GPS in sy hande het. Ons trek na die plek waar die Here sê Ek gee dit aan julle.

Hierdie sekerheid is alreeds wonderlik maar hier kom die nog mooier deel by, as Moses vir sy swaer sê – om saam te kom, om saam met hulle te trek. *Trek saam met ons en ons sal aan jou goed doen ...* Watter aangrypende toepassing vind hierdie woorde nie in julle lewe wat vandag belydenis van julle geloof gedoen het nie. Julle het gekom by 'n besondere mylpaal in julle lewe. As kerk van ons Here Jesus Christus maak ons die woorde van Moses vanoggend dan ook ons eie met hierdie uitnodiging – Julle twee moet met ons saamtrek ... gaan saam met ons verder. Ons kan Moses se woorde nog duideliker van toepassing maak want as Moses vir sy swaer sê om saam te kom, want dit sal goed wees ... *ons sal aan jou goed doen ...* dan is daar waarlik net *Één* wat in alles goed is en Hy is ons Here Jesus Christus. Hy wat ook genoem mag word, die Immanuel ... GOD MET ONS ... Hoe goed is

dit nie om Hom dit vir julle te hoor sê – TREK SAAM MET MY VERDER ... Daar is nog 'n pad wat voorlê! Ook vir julle wat belydenis aflê, vir ons wat ook vandag voorberei vir volgende Sondag se Nagmaal as God wil dat ons met Hom verder moet saamgaan, dan is daar eintlik vier redes waarom God dit vir ons sê, ja waarom dit God alleen is wat ons so duidelik oproep- TREK SAAM.

Eerstens kan ons op hierdie pad seker wees van die seëninge van die Here. Tweedens ons is besig met 'n reis wat na 'n heerlike plek toe gaan. In die derde plek watter voorreg dat ek die pad nie alleen hoef te loop nie, maar ek my voortdurend op hierdie pad tussen die gemeenskap van heiliges mag bevind. In die laaste plek is ons saam op hierdie pad waarop daar belangrike werk vir die Here gedoen moet word. Ons eerste versekering wat ons by hierdie belydenisaflegging en voorbereiding mekaar kan gee ...

Ons kan seker wees van die seëninge van die Here:

Die Here het oor Israel goeie dinge gespreek... dit is hoe Moses dit ervaar en aan sy swaer verduidelik. Moses kyk terug na wat nou al verby is en hy besef tot hiertoe het God ons gelei. En dit is steeds nie die einde nie. Egipte lê agter ons, die see wat vóór ons kon oopgaan, die woestyn wat ons nie insluk nie, alhoewel ons so maklik in die woestyn kon wegraak soos los druppels water. God het goeie dinge gespreek is eintlik maar 'n ander manier om te sê, God het ons op hierdie pad waarop ons steeds is, al sovele kere met sy seëninge ons tegemoetgekóm. Daar het nie 'n dag verbygegaan wat God nie saam met ons op hierdie pad was nie.

As kerk moet ons dit by die voorbereiding van die Nagmaal ook vir mekaar sê maar ook in besonder vir julle wat julle geloof vandag bely het. God is getrou al is my pad 'n woestynpad. Hy sal julle nie in die steek laat nie. Al was daar die benoudheid by die Rooi See, al was daar honger, al was daar groot dors, al was daar met tye water maar toe is die water Mara, toe is die water bitter! Dink aan die stryd by Ráfidim- God was daar. Hoe bemoedigend is die woorde in vv 35 -36 vandag in hoe Moses dit verduidelik en dit beleef het ... *35 En as die ark wegtrek, het Moses gesê: Staán op, HERE, dat u vyande verstrooi kan word en u haters voor u aangesig kan vlug. 36 En as dit rus, het hy gesê: Keer terug, HERE, na die tienduisende van die duisende van Israel!*

Vir ons as kerk van die Here, lê die volle betekenis van wat Moses hier sê in Jesus Christus. Hy in 'n sekere sin ons ARK... Hy wat oor sy kerk regeer, wat die kerk se vyande ken, wat

hulle kan verstrooi; haters van die kerk is daar nog altyd gewees, julle sal hulle in julle lewe ook teëkom. Tog het ons voorbereiding en belydenisaflegging vandag ook die wonderlike van God se Sabbat voor oë, daar kan in die Here gerus word, daar kan in jou en my baie deurmekaar en hartseer lewens ook berusting kom, jou en my Sabbat, want het Moses kon byvoeg ... *En as dit rus, het hy gesê: Keer terug, HERE, na die tienduisende van die duisende van Israel!* Hoe wonderlik hierdie seëning om in God te mag rus, maar ons tweede gedagte is ook uit die mond van Moses baie duidelik ...

Ons pad loop uit op 'n heerlike bestemming:

Ons trek loop uit op 'n plek wat die Here dan sê – *Ek sal dit aan julle gee ...* God se belofte kom al 'n lang pad. Vir Abraham het die Here ook gesê 'n groot volk en 'n eie stuk grond sal in die nageslagte gegee word (vgl. Gen. 12:7). AL die baie jare wat die volk in Egipte was, oor die 400 jaar het die belofte van 'n groot volk stuk vir stuk 'n al hoe groter werklikheid geword. God doen sy beloftes gestand, selfs daar waar die mens gestrand mag wees!

Die heerlike bestemming waaraan Israel voortdurend herinner was, is dat hulle sal ontvang 'n land wat oorloop van melk en heuning. Jesus het die bestemming hemelse kleure gegee – Jesus praat van die Vaderhuis met sy baie wonings ... Jesus verbind Homself hieraan ... *Ek gaan om vir julle plek te berei ...* Die mooie wat Jesus hieraan toevoeg ... *3 En as Ek gegaan en vir julle plek berei het, kom Ek weer en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is.*

Baie duidelik die heerlike bestemming waarheen ons as Nuwe-Testamentiese gelowiges gelei word, is 'n huis nie met mensehande gemaak nie. Dit is 'n ewige woning. Hier op aarde is ons eintlik maar beperk tot 'n tentwoning. Iewers langs die pad, dit is elkeen se besef, al woon ek op hierdie aarde in van die mooiste huise, baie selfs in paleise, maar hoe mooi dit mag wees, dit gaan afgebreek word. Selfs ons natuurlike liggame is ook iets wat afgebreek gaan word. Jou en my liggaam is ook maar 'n tentwoning. Wie nie in Christus is nie, is die ellendigste van alle mense wat gedink het hulle kan vir hulle iets ewig hier op aarde oprig. Vergeet daarvan! Hoe mooi beskryf 2 Korintiërs 5 vers 1 die tydelike in vergelyking met die ewige ... *I WANT ons weet dat as ons aardse tentwoning afgebreek word, ons 'n gebou het van God, 'n huis nie met hande gemaak nie, ewig, in die hemele.*

As Moses sy swaer verseker ons pad loop uit op 'n goeie bestemming, in die gedagte dat die Here sal aan ons goed doen en die Here het oor ons goeie dinge gespreek, nooit sou Moses in

sy wildste drome kon dink, hoe goed sal dit op die einde nie wees nie. Vêr bo wat sy verwagtinge was. Ons belydenis in die Kategismus het ook 'n mooi manier om ons ewige bestemming saam te vat V/A 58 Sondag 22: **Watter troos skep jy uit die artikel van die ewige lewe?** Hoe pragtig word ons ewige bestemming hier beskryf, juis ook aan die hand van 1 Korintiërs 2... ***Dat, aangesien ek nou alreeds die begin van die ewige vreugde in my hart ervaar, ek na hierdie lewe volkome saligheid sal besit - 'n saligheid wat geen oog gesien, geen oor gehoor en in die hart van geen mens ooit opgekom het nie - om God daarin ewig te prys.***

Julle wat vandag julle geloof bely, het saam met ons 'n ewige bestemming om na uit te sien maar besef ons ook in die derde plek en dit is by ons voorbereiding vir Nagmaal ook baie ter sake...

Dat ek my voortdurend op my lewenspad tussen die gemeenskap van die heiliges mag bevind:

Nagmaal is 'n gemeenskapsmaal ... die gemeenskap van die heiliges is baie sentraal as dit gaan om Nagmaal. Daarom die gemeenskaplike wat by Nagmaal duidelik na vore moet kom, ons eet van die een brood, ons drink uit 'n beker wat gemeenskaplik is, ons deel dit met mekaar. Moses wat vir sy swaer sê ... *Trek saam met ons en ons sal aan jou goed ...* dan wil Moses graag hê sy swaer moet nie van hulle af weggaan nie. Al is hy 'n Midianiet, uit 'n ander volk, stam en nasie, is die gemeenskaplike vir Moses, jy moet met ons saamgaan. Trek saam .. Moses maak die gemeenskaplike nog duideliker. As jy met ons saamtrek sal jy gemeenskaplik met ons in die goeie mag deel... *ons sal aan jou goed doen; want die HERE het oor Israel goeie dinge gespreek.*

Mag julle wat belydenis van geloof afgelê het, dit goed besef die kerk moet altyd wees 'n huis van verbondskinders. Ons is aan mekaar gebind, ons as kerk is huisgesin van God ... Ons is uit een doop, ja die mooie van Efesiërs 4 geld ook hier ... as julle twee verder met hierdie gemeente saamtrek dan moet ons *ernstig strewe om die eenheid van die Gees te bewaar deur die band van die vrede. 4 Dit is een liggaam en een Gees, soos julle ook geroep is in een hoop van julle roeping; 5 een Here, een geloof, een doop, 6 een God en Vader van almal, wat oor almal en deur almal en in julle almal is.* As ons hierdie groot dinge hoor is dit waarlik 'n voorreg om jou voortdurend op jou lewenspad tussen die gemeenskap van die heiliges te mag bevind. 'n Gemeenskap wat vir julle nie ander dinge mag toesê, anders as wat Moses vir sy swaer gesê het nie ... ons sal aan julle goed wil doen, want God het nog

altyd oor sy kerk goeie dinge gespreek. Al is die kerk alles behalwe dit wat op hierdie aarde volmaak is en nooit sal ons uit onself by die volmaakte mag uitkom nie. Tog mag ons gemeenskaplik in die goeie God se goeie gawes bly deel ... Voortdurend mag ek my tussen die gemeenskap van die heiliges bevind. Want is ons laaste gedagte ook vandag en dit sluit voorbereiding in, dit moet ook in besonder tot julle spreek wat belydenis van geloof afgelê het ...

Daar is belangrike werk wat vir die Here gedoen moet word:

Vers 31 spreek veral hier tot ons as Moses vir sy swaer sê - *Moet ons tog nie verlaat nie, juis daarom dat jy weet hoe ons laer moet opslaan in die woestyn, en jy sal vir ons as oë dien.*

Die 2020 Vertaling laat Moses spreek dat my swaer jy weet waar ons kan kamp in die woestyn, ja jou werk is nog groter ... jy kan ons oë wees. Moses weet sy swaer ken die woestyn soos die palm van sy hand. Daardie kennis moet ook nou vir hulle as trekkende volk tot diens wees. Dit is die belangrike werk wat jy as Midianiet vir ons kan doen. Daarom die groot uitnodiging ... TREK SAAM.

Ook die uitnodiging vir julle wat nou belydenis afgelê het, wat vir julle geloof en vir julle lewe vorentoe self verantwoordelikheid aanvaar het ... Trek saam. Dit is wat God van julle verwag, dit is nie maar ons as mense wat so met mekaar praat en mekaar oproep en saam met ons wil hê nie. Dit is seker die wonderlikste gedagte wat daar kan wees, as iemand tot die besef kom, ek is nie hier vir mense nie, ek is hoegenaamd nie hier aan die werk vir ander mense nie, ek is hier ter wille van Wie die Here is. Ek werk vir die Here, ek werk nie vir ander mense nie.

Die grootste Wie daar kan wees, Hy wat in Christus ons Vader is, Hy laat Hom deur mense bedien. Ek werk vir Hom ... Kan daar 'n groter wonder wees as dit? En as ek nie 'n dienaar van Christus is nie, ek is maar lou, ek is maar 'n flou makou as dit by die kerklike dinge kom. So een het huiswerk om te doen, ja huiswerk by voorbereiding wat na binne gedoen moet word. In jou hart, in jou gedagtes, in jou hele wese mag die vraag jou en my opvreet, hoekom wil ek Nagmaal vier, maar vir die res moet hulle maar sonder my klaarkom. Is dit werklik hoe ek myself tussen die gemeenskap van die heiliges mag gedra, myself so wil handhaaf.

Terwyl jy dalk die een is, wat Hobab is, wat kennis besit wat ons andere nie naby kan uitkom nie, maar ons moet sonder jou klaarkom. Dis mos nie reg nie! Hobab se besondere kennis van die woestyn is wat maak dat Moses wil nie sonder hom trek nie. Soos ons vandag hier

saam is, weet jy wat is jou besondere gawes, dit wat jy by jouself kan uitsonder, wat vir die kerk so 'n groot bate mag wees, maar jy hou dit weg van ons. Weereens mag dit?

Ook julle wat julle geloof bely, mag ons daadwerklik in wat julle vorentoe vir die kerk en die koninkryk mag beteken, julleself aanbied in wat ek graag vir God wil beteken, ja die belangrike diens wat ek kan lewer. Mag dit organies na vore kom, ja dit wat die Here met 'n baie eenvoudige vergelyking tot 'n gelykenis verwerk het. 'n Goeie boom sal goeie vrugte dra, maar as die boom sleg is hoe sal dit dan vrug kan dra.

Ons gaan saam as gemeenskap van gelowiges volgende Sondag aan die Here se tafel wil aansit, ons as gemeenskap gaan amptelik Nagmaal vier, want ons is in die amp van die gelowige. Mag ons soos Moses vir sy swaer wil sê- TREK SAAM ... want op hierdie pad is ons geseënd, hierdie pad loop uit op 'n besondere bestemming, hierdie pad loop ons as gemeenskap van heiliges saam, op hierdie pad het ons mekaar nodig, daar is baie werk wat nie een mens se werk is nie.

AMEN